MONTE CHRISTO EKOLANDGOED

SEKURITEIT TOEGANGSBEHEER STANDAARD BEDRYFSPROSEDURE

1 DEFINISIES

Naam	Beskrywing
Agent	‘n Persoon of entiteit deur die Eienaar aangestel vir die verkoop, koop of huur van eiendom in die Landgoed of Aftree-oord
Kontrakteur	‘n Persoon of entiteit wat dienste, ontwikkeling en bouwerk in die Landgoed of Aftree-oord lewer en wat sal insluit maar nie beperk is tot boukontrakteurs, projekbestuurders, boumateriaalverskaffers, ontwikkelaars, eienaarbouers, subkontrakteurs, tuindienste, skoonmaakdienste, ens.
Huiswerker	‘n Persoon of besigheid wat skoonmaakdienste vir ‘n Inwoner lewer
Werknemer	‘n Persoon deur die Landgoedbestuurder, Klubhuis of Restaurant aangestel om ‘n diens op gereelde basis te lewer
Nooddienste	“n Ambulans, SA Polisie Dienste, Balju, Brandweer en Munisipaliteit
Landgoed	Monte Christo Eko-Landgoed
Landgoedbestuurder	‘n Persoon deur die HEV aangestel om die Landgoed te bestuur
HEV	Monte Christo Huiseienaarsvereniging
Aftree-oord	Monte Christo Aftree-oord
Geleentheidsdiensverskaffers	‘n Persoon en/of identiteit wat ‘n geleentheidsdiens lewer op versoek van ‘n Inwoner of Landgoedbestuurder vir die lewering, installasie, instandhouding of herstel aan ‘n gebou en/of huishoudelike gereedskap sowel as koerier- of afleweringsdienste.
Eienaar	‘n Geregistreerde persoon wat eiendom in die Landgoed of Aftree-oord besit
PBP	Professionele Bestuurspermit
Inwoner	Die geregistreerde persoon wat in die Landgoed of Aftree-oord woon
Besoeker	‘n Persoon wat ‘n Inwoner van die Landgoed of Aftree-oord besoek

2 TOEGANGSBEHEERKONTROLE

Die volgende bedryfsprosedure vir die onderskeie groepe en vervoermetodes moet gevolg word wanneer die Landgoed ingekom of verlaat word.

Groep	Vervoerwyse	Toegangshek	Prosedure
Eienaars/Inwoners	Voertuig of fiets	Inwonershek	• Toegang en vertrek geskied deur die bestuurder se vingerafdruk of toegangskaart •
	Huurmotor	Besoekershek	• Verkry ingang en uitgang deur skandering van die motorlisensie, bestuurslisensie en PBP • Identifisering van Inwoner deur wag
	Voetganger	Oostelike voetgangers ingang	• Toegang word deur Identiteitsdokument/kaart en adres verkry
		Na-ure buitehek	• Toegang word verkry deur afstandbeheer, of deur verskaffing van naam en adres aan die wag om na te gaan
Monte Christo Werknemers	Huurmotor	Draaihek	• Verkry toegang deur vingerafdruk identifisering of deur skandering van Identiteitsdokument/kaart
Ander Werknemers	Voetganger of per voertuig	Draaihek	• Verkry toegang deur vingerafdruk identifisering of deur skandering van Identiteitsdokument/kaart • Moet deur werkgewer by die hek gehaal word • Werknemers word nie toelaat om na die werksplek te stap nie
Huiswerkers	Eie voertuig	Besoekershek	• Ingang en uitgang anders as per huurmotor word verkry deur bestuurder se vingerafdruk of skandering van toegangsdokument/kaart • Alle passasiers, indien enige, moet afklim en toegang deur die draaihek verkry deur vingerafdruk identifikasie of skandering van Identiteitsdokument/kaart
	Huurmotor	Besoekershek	• Huurmotor ingang en uitgang word verkry deur skandering van die motorlisensie, bestuurslisensie en PBP • Al die passasiers moet uitklim en toegang deur die draaihek verkry deur vingerafdruk identifisering of skandering van Identiteitsdokument/kaart

Groep	Vervoerwyse	Toegangshek	Prosedure
	Voetganger	Draaihek	• Werknemers verkry toegang deur vingerafdruk identifisering of deur skandering van Identiteitsdokument/kaart
			Notas: • *Huiswerkers moet vooraf by Sekuriteit deur die Landgoedbestuurder geregistreer wees* • *Vervoer binne die Landgoed is met 'n taxi of deur inwoner se voertuig*
Besoekers	Eie voertuig	Besoekershek	• Toegang sal alleen verkry word deur Inwoner-identifisering • Die voertuiglisensie, bestuurslisensie of Identiteitsdokument/kaart van die bestuurder word geskandeer vir in- en uitgang • Langtermyn-besoekers, (2 dae of meer), verkry toegang deur 'n motoridentiteitskyfie wat vooraf deur die inwoner by die Assistent Landgoedbestuurder verkry is • Geen toegang word sonder 'n geldige bestuurslisensie of Identiteitsdokument/kaart verkry nie. Indien dit nie beskikbaar is nie moet die voertuig buite parkeer word (besoekersparkering) en toegang in samewerking met die inwoner verkry word.
	Met Eienaar of Inwoner se voertuig	Besoekershek	• Vingerafdruk identifisering of deur skandering van Identiteitsdokument/kaart vir in- en uitgang
	Huurmotor	Besoekershek	• Alle passasiers moet uitklim en toegang deur die draaihek verkry deur vingerafdruk identifisering of skandering van Identiteitsdokument/kaart • Bestuurder en voertuig verkry ingang en uitgang deur skandering van die motorlisensie, bestuurslisensie en PDP • Sodra passasiers toegang verkry het moet hulle weer die huurmotor bestyg.
	Voetganger	Visitors gate	• Toegang **<u>slegs</u>** deur inwoner se toestemming
		Na-ure buitehek	• Toegang **<u>slegs</u>** deur inwoner se toestemming

Groep	Vervoerwyse	Toegangshek	Prosedure
Geleentheid-diensverskaffers	Voertuig	Besoekershek	• Toegang **<u>slegs</u>** deur inwoner of Assistent Landgoedbestuurder se toestemming • Verkry ingang en uitgang deur skandering van die motorlisensie en bestuurder se bestuurslisensie
Kontrakteurs en hul werknemers	Voertuig	Besoekershek	• Alle passasiers, behalwe die bestuurder, verkry toegang deur die draaihek deur vingerafdruk of skandering van Identiteitsdokument/kaart of paspoort • Bestuurder verkry in- en uitgang deur vingerafdruk of skandering van voertuig- en bestuurslisensie • Dieselfde prosedure moet by vertrek uit die Landgoed gevolg word

			Notas:
			• *Alle Kontrakteurs moet vooraf by Sekuriteit deur die Landgoedbestuurder geregistreer wees* ***Geen toegang word toegelaat nie sonder duidelike identiteitstekens aan beide kante van die voertuig***
			• *Alle kontrakteurs werknemers moet 'n geldige Identiteitsdokument/kaart besit.*
			• *Kontrakteurs moet toesien dat werkers nie sonder sy/haar teenwoordigheid toegang verkry nie*
			• *Kontrakteurs en werkers sal* **<u>slegs</u>** toegang gedurende die volgende tye verkry*:*
			  ○ *Weeksdae: Tussen 07:00-18:00.*
			  ○ *Saterdae: Tussen 08:00-13:00*

Nooddienste	Voertuig	Besoekershek	• Waar van toepassing moet goedkeuring van die Landgoedbestuurder of aangewese inwoner verkry word • Vir in- en uitgang moet die voertuiglisensie en bestuurderslisensie skandeer word

Groep	Vervoerwyse	Toegangshek	Prosedure
Agente	Voertuig	Besoekershek	• Toegang en uitgang word deur vingerafdruk of toegangskaart verkry
			Notas: • *Geen toegang moet sonder 'n HEV goedgekeurde toegangskaart toegestaan word nie* • *Geen toegang moet sonder kentekens aan beide kante van die agent se voertuig toegestaan word nie* • *Toegang moet slegs toegestaan word van 7:00 tot 19:00, Saterdae en Sondae ingesluit* • *Slegs die Agent se voertuig word in die Landgoed toegelaat. Vervoer van kliënte sal slegs deur die agent se voertuig geskied.* • *Sou die getal kliënte te veel wees vir die Agent se voertuig kan die kliënte se voertuig deur vooraf goedkeuring deur die Landgoedbestuurder, toegelaat word. In so 'n geval moet die voertuiglisensie en bestuurslisensie skandeer word* • ***Agente** moet ten alle tye hul kleinte vergesel*

3 ALGEMEEN

- Die ry van vierwiel-motorfietse en ongelisensieerde veld-motorfietse word nie in die landgoed toegelaat nie.
- Geen pluimvee, duiwe, voëlhokke, wilde diere of lewendehawe word in die Landgoed toelaat nie.
- Alle motoraangedrewe voertuie wat die Landgoed binnekom moet padvaardig wees en met 'n geldige bestuurslisensie bestuur word.
- Sekuriteitswagte word nie toegelaat om enige vorm van fooi, kos, geskenke of gunste van Inwoners en Besoekers te aanvaar nie.
- Sekuriteitswagte word nie toegelaat om enige pos, pakkies, huissleutels of enige aflewering te hanteer nie.
- Opvolging op voorste voertuig om die werking van die hefboom te omseil word nie toegelaat nie en moet as 'n insident deur Sekuriteit in die Gebeureboek aangeteken word.
- 'n Voertuig wat as oorlaai voorkom moet deur Sekuriteit aan die Landgoedbestuurder gerapporteer word en as insident teen die Diensverskaffer of Bestuurder aangeteken word
- Geen vragmotor wat meer as 6 palette vervoer mag toegang tot die Landgoed verkry nie.
- Onnodige blaas van toeters by die ingangshek van die Landgoed word nie toegelaat nie.
- Alle vorme van swak gedrag deur enige persoon moet onmiddellik deur Sekuriteit as 'n insident aangeteken en rapporteer word met soveel besonderhede as moontlik.

Goedgekeur deur die Bestuurskomitee op 13 November 2019.